ALTERNATIEWE MEDISYNE (1)

Japie Grobler

1. KOSMIESE ENERGIE:

So ’n paar maande gelede toe die New Age Movement bespreek was, was aangedui dat verskeie van die meer belangrike aspekte van New Age medisyne, of dan nou holistiese genesingsmetodes, van naderby beskou sal word. Alvorens ons na sommige tegnieke kan kyk moet ons eers begrip hê vir ’n belangrike kernaspek van New Age medisyne. In die oosterse godsdiens, waarin baie van hierdie genesingsmetodes se oorsprong te vinde is, word God as die onpersoonlike universiële krag, of kosmiese energie gesien. Dit staan bekend as “chi” in Sjinees, “ki” in Japanees en “prana” in Hindoeïsme. Hierdie universiële energie vloei in sogenaamde meridiane of energiekanale deur die menslike liggaam, wat dan gesien word as ’n mikrokosmos van die kosmos. Verder word verskillende liggaamsdele—die oog, die oor, die handpalm, die voetsool—weer op hulle beurt gesien as ’n mikrokosmos van die liggaam, ’n soort kaart waarin die liggaam gelees kan word. Hierdie “energie” (God) wat bestaan uit twee teenoorgestelde balanserende kragte word versimboliseer in die bekende “Yang/Yin” simbool—god en godin, son en maan, goed en sleg, wit en swart, positief en negatief, manlik en vroulik. Wanneer hierdie balans versteur word, word die energievloei geblokkeer of belemmer en is die resultaat ongesteldheid. Om die ongesteldheid op te klaar moet die energievloei herstel word. Dit moet weer in balans gebring word. Op hierdie beginsel berus alle oosterse en ander New Age genesingsmetodes, soos akupunktuur, aromaterapie, auramanipulasie, chiropraktyk, homeopatie, refleksologie, kinesiologie (spierspanningtoetsing), terapeutiese aanraking (“Therapeutic Touch”), Reiki, joga, en vele ander. In die weste het dit bekend geraak as alternatiewe of holistiese genesingsmetodes. Hierdie sogenaamde meridiane het geen verband met die wetenskaplik bewese senuweestelsel, limfatiese sisteem of bloedsirkulasiestelsel nie en daarom word die jin/jang idee deur die westerse mediese wetenskap verwerp. Die manipulasie en beheer van hierdie universiële energie kan selfs die huishouding raak en so vind ons die nuutste “craze”, Feng Shui, in die dekor en uitleg van huise en kantoorkomplekse.

Dit is belangrik om daarop te let dat daar geen wetenskaplike bewyse vir hierdie sogenaamde meridiane is nie. Wat ons dus hier mee te make het is ’n esoteriese stelsel wat deur die kort opsomming geïllustreer word:

SOMMIGE KONTRASTE TUSSEN ORTODOKSE MEDISYNE EN NEW AGE MEDISYNE

	Wetenskaplike Medisyne	**New Age Medisyne**
Uitgangspunt:	Siekte bestaan op die fisiese vlak en moet op hierdie vlak behandel word. (Dit is nie te sê dat daar nie ook siektes is wat op emosionele vlak behandel moet word nie.)	Siektes se ontstaan lê op die energievlak en moet dienooreenkomstig behandel word.
Basis vir metodologie:	Rasionele wetenskaplike toetsing en bewyse.	Pragmatiese proefondervindelike ondersoek. Tegnieke word gebruik hoofsaaklik omdat dit lyk asof dit werk, nie omdat dit so gedemonstreer kan word op grond van die veronderstelde beginsels nie.

Veiligheidsgrense:	Voorafbestaande wetenskaplike databasis van bewese mediese toetsing, hersiening, analise en kritiek deur medewetenskaplikes oor bevindings en resultate. Metodes word nie geïmplimenteer alvorens dit deeglik getoets en ge-evalueer was vir effektiwiteit nie.	Geen of weinig databasis inligting. Geen beveiliging teen irrasionele of wetenskaplik onbeproefte metodes nie. Onkritiese benadering laat ’n groot verskeidenheid vals terapieë toe. *(Behalwe dat hierdie terapieë op die fisiese vlak nutteloos of nadelig kan wees, kan dit die pasiënt verder op die geestelike vlak okkulties belas.)*
Mediese Bevindings:	Algemeen konstant per dissipline en konstant oor die verskeie dissiplines.	In baie gevalle weersprekend binne dissiplines (byv., iridologie-, refleksologiekaarte) en oor dissiplines.
Diagnostiese metodes:	Fisies gefundeer; konstant toegepas.	Botsende toepassings. *(Okkulties gefundeer.)*
Status m.b.t., effektiwiteit:	Wetenskaplik ge-evalueer.	Wetenskaplik weerlê of onbewese.

(Tabel met dank aan *Drs John Ankerberg & John Weldon, Encyclopedia of New Age Beliefs, Harvest House Publishers, 1996:486*)

2. AKUPUNKTUUR:

Ongeveer 5 000 jaar gelede het Keiser Huang Ti van Sjina, na ’n studie van die heelal, tot die besluit gekom dat harmonie en balans daarin bestaan. Hieruit lei hy af dat die mens as mikrokosmos van hierdie makrokosmos dieselfde harmonie en balans moet weerspieël. Met ander woorde; fisiese en geestelike prosesse moet in balans gebring word. Die basiese konsep van akupunktuur is dus filosofies van aard en neig na die astrologie, wat ons in ’n vorige artikel gesien het, okkulties is. Sommige akupuntuurkaarte dui 12 meridiane aan terwyl ander weer 13 of 14 aandui. Moderne akupunktuurpraktisyns sê dat daar meer as die oorspronklike 365 punte is waar naalde ingesteek kan word. Hulle praat van 1 000 en meer! As daar te veel “Yin” (vroulik—silwer) teenwoordig is dan word ’n “Yang” (manlike—goue) naald gebruik en omgekeerd. Maak dit werklik sin? “Even Chinese doctors who use [acupucture] are unable to give a scientific explanation.” (*Dr Kurt Koch, Occult ABC, Kregel Publications, 1986:6*)

Die ironie is dat hierdie metode en baie ander New Age metodes blyk te werk en dat mense “genees” word. Ons sal dus moet antwoord hierop. Dit sal laaste gedoen word nadat sommige van die ander praktyke bespreek was.

3. AROMATERAPIE:

Dit behels die gebruik van aromatiese olies waarvan ’n wye verskeidenheid bestaan. Spesifieke eienskappe, jin/jang en astrologiese waardes word aan die verskeie soorte toegedig.

As dit suiwer om massering met olies gegaan het, sou daar nie ’n probleem mee gewees het nie, maar omdat dit in aromaterapie gaan om die “in balans bring” van die sogenaamde jin/jang wanbalans het ons hier dieselfde probleem as by akupunktuur.

4. IRIDOLOGIE:

Soos akupunktuur het hierdie praktyk ook sy ontstaan by die Sjinese van ouds sowat 3 000 jaar gelede. Die oog was deur hulle in vyf konsentriese sones verdeel wat vir diagnose gebruik was. Later word dit in twaalf afdelings verdeel wat met die denkbeeldige astrologiese gordel (zodiac) ooreenkom. Gedurende die 19de eeu ontstaan ander ontwikkelings uit hierdie primitiewe bygelowige oorsprong. Irisdiagnose wek nuwe belangstelling na die ervaring van ’n elfjarige Hongaarse seun, Ignatz von Pézely wat deur ’n uil aangeval was en slegs daarin kon slaag om uit sy kloue te ontsnap deur die uil se een been te breek. Die oomblik toe die been breek het die seun ’n swart lyn in die iris opgemerk.

Die oog word in verskeie segmente ingedeel waarin die verskillende liggaamsdele en organe en nie siektes nie, verteenwoordig word. (*Dr WJ Oweneel, Het Domein van de Slang, Buiten en Schipperhein, 1978:223*)

Dr Koch vertel in sy boek *Occult ABC* dat hy deur ’n irisdiagnostikus uitgenooi was en verskeie gelowiges met hom saam geneem het. ’n Paar van die gelowiges was bereid om gediagnoseer te word. Koch noem dat die praktisyn vir elkeen ’n reeks van verskeie kwale genoem het waarvan sommige reg was en dus maar net raak raaiskote kon wees. Een van die lede van die geselsskap was ’n jong predikant wat aan ’n ernstige lewerkwaal gelei het. Die praktisyn kon nie daarin slaag om die ernstige skade wat aan die lewer veroorsaak was te diagnoseer nie. Hy stel dat hierdie besoek hom nie kon oortuig dat hierdie praktyk diagnosties wetenskaplik gefundeerd is nie. Dit is ’n medies bewese feit dat een orgaan deur ’n wye verskeidenheid van siektes aangetas kan word. Koch noem dat dit beteken dat iridoloë dus die bykans onmoontlike moet kan vermag. Hulle “slaag” daarin om in die sowat 30 segmente van die oog meer as 10 000 verskillende siektes te diagnoseer. Maak dit sin?

Verder noem hy dat om regverdig te wees daar erken moet word dat nie alle praktisyns van okkultiese metodes in hul diagnose gebruik maak nie. (*Koch:101-103*) Dit is belangrik om in gedagte te hou dat iridologie net soos die ander praktyke op die okkultiese mikro/makro kosmosleer gebasseer is. Dit is dus alreeds okkulties al is die persoon nie “psychic” nie.

5. HOMEOPATIE:

’n Basiese definisie word as volg deur die ontdekker Samuel Hahnemann (1755-1843) gegee: “Like is healed by like.” Terwyl ’n ander homeopaat dit as volg stel: “Homeopathy gives a patient a remedy that will cause the same symptoms in a healthy person as those that are observed in the one who is sick.” (*Samuel Pfeifer M.D., Healing at any Price?, Word Publishing, 1988:62*)

Volgens bostaande kan ons dus stel dat; indien iemand diarree het hy kasterolie moet neem. Maar omdat kasterolie in normale dosisse die persoon in die toilet gevange sal hou moet dit verdun word. Die eerste beginsel van homeopatie is dus **verdunning**. Hoe werk dit? Meeste homeopate gebruik ’n verdunning van 12X. Dit beteken 1 kubieke sentimeter (cc) van die spesifieke middel (in ons geval kasterolie) op 1 000 000 000 000cc gedistilleerde water of alkohol. Die verdunning kan met die volgende voorbeeld vergelyk word om dit beter te verstaan: Neem een teelepel kasterolie en meng dit met ’n hoeveelheid gedistilleerde water/alkohol in ’n tenk so groot soos die Empire State-gebou in New York. Verdunnings van 18X en 30X word gebruik. Dink vir uself, met sulke verdunnings wat sou die werklik remediese waarde van die betrokke bestanddeel werklik wees? “**Potentiation**”—**versterking** speel ’n belangrike rol by die voorbereiding van homeopatiesemiddels. Dit werk so: Die homeopaat neem druppel van die suiwer middel (in ons geval kasterolie) en meng dit met 9 druppels water/alkohol (neutrale basis) deur dit deeglik te skud en so kry ons 1X potensie. Nou word weer een druppel van hier vermenging met 9 druppels basisbestandeel vermeng deur dit weer deeglik te skud. Dit gee 2X potensie. Om potensie 6X te verkry word die proses ses keer herhaal en 30X beteken ’n herhaling van dertig keer. Sou dit nie makliker wees om doodeenvouding vir 6X potensie byvoorbeeld die een druppel kasterolie te neem en dit met 999 999 druppels basisbestandeel te meng nie? Allermins! Die geheim van die werking lê juis in hierdie baie geskud, aldus Hahnemann: “…there is more to the process of succession than simple dilution. **Shaking (or potentiating) releases dynamic energies**. What dark Mesmer (die vader van hipnotisme) conveys directly, Hahnemann facilitates indirectly: via the living human hand he is ‘laying hands’ on the sick.” (*Fritsche A. Hahnemann—Die Idee der Homeopathie, Berlin 1944:235-237* soos aangehaal in *Pfeifer:63*) Verstaan ek hierdeur dat dit dus eintlik Hahnemann is wat selfs uit die graf nog op hierdie manier genees?

Die eintlike genesende krag van homeopatiese middels blyk dus in die magiese te lê. Hahnemann se biografis stel dit so: “This way of practising homeopathy is a unique psychic phenomenon, demanding an almost Indian ability to meditate and concentrate far beyond our limits of experience.” (*Pfeifer:66*)

Pfeifer som dit so op: "…if you work through the underbrush of homeopathic language, you will find the golden thread of Eastern philosophy throughout the modern practice of homeopathy." (*:70*) Volgens homeopate word die helende krag in die middels oorgeplaas vanuit die kosmiese energie deur die rituaal van potensiasie ("potentiation") (*Pfeifer:72*). Dit is dus ook 'n geval van die herstelling van die wanbalans in die "spiritual vital force". Soos in die geval van die vorige praktyke het ons dus hier ook met die magiese, selfs okkultisme, te make. Dit word spesifiek geïllustreer deur 'n praktyk waar die praktisyn byvoorbeeld slegs na 'n haar, wat hy/sy op lêer hou van die pasiënt, kyk en dan 'n diagnose maak en behandeling voorskryf—en die resultate is normaalweg in die kol.

6. REFLEKSOLOGIE:

Hierdie praktyk is net so oud soos akupuktuur en sy wortels is in die ou Sjinese en Indiese volke te vinde. Soortgelyke tegnieke was ook in die tradisies van die Amerikaanse Rooi Indiane gevind. Pfeifer stel dit so: "It is not surprising to find in the philosophical background of reflexology all the elements of Eastern philosophy we have already encountered in acupuncture." (*:53*) Mev Hanne Marquardt, outeur van 'n belangrike handboek oor refleksologie, stel: "In the same way that you hear the common notion of our time that the particular is a reflection of the whole (hier is dit weer; die mikrokosmos is 'n weerspieëling van die makrokosmos)…we are also confronted with this knowledge in the particulars of our feet…The overall condition of our body is reflected in our feet like a little monitor…Every organ had its corresponding reflex zone on a part of the foot, from which a body zone leads to that organ." (*Pfeifer:54*) Deur refleksologie word sogenaamde blokkasies in die sogenaamde energievloei verwyder. Natuurlik is daar absoluut geen wetenskaplike bewese toetse wat hierdie beweerde verbindings staaf nie. Hierdie is maar 'n enkele voorbeeld van dit wat dit duidelik stel dat refleksologie ook deel is van die groep van genesingsmetodes wat sy wortels in die oosterse filosofie het.

Ernstige praktisyns van refleksologie stel dit duidelik dat die werking en resultate van refleksologie nie wetenskaplik verantwoordbaar is nie, terwyl daar vele alledaagse praktisyns is wat die teendel beweer.

Wat refleksologie aanbetref laat ons volstaan met die volgende getuinenis: Mrs Black, a Bible-believing Christian, told me. 'When he rubbed the headache zone on my big toe, I suddenly saw this absent-minded expression on his face, as if he were in a trance. I asked him, 'What are you doing?' He replied: 'I am concentrating in order to channel vital energy into your body.'" (*Pfeifer:60*) So hier het ons dit weer—daardie magiese gebruik van die kosmiese energie!

7. HOEKOM WERK DIT?

Bo en behalwe die feit dat daar meer as genoegsame bewyse is dat daar 'n ander mag agter hierdie psigiese genesing sit (lees gerus Johanna Michaelsen, se *The Beautiful Side of Evil*) is daar doodeenvoudige verklarings:

- Die Troosmiddelfaktor ("placebo"): Daar is oorgenoeg mediese bewyse dat mense genees word bloot deur die inname van 'n suikerpilletjie omdat hulle glo die medisyne gaan help. Dit is net moontlik dat omdat die pasient moedeloos geword het omdat die ortodokse/konvensionele behandeling nie help nie die behandeling deur die homeopaat, refleksoloog of wie ookal die plek van die troosmiddel inneem.
- Tyd is die groot geneesheer: Weereens is daar oorgenoeg bewyse dat die liggaam homself in baie gevalle genees as hy tyd gegun word. Die spreekwoordelike griepbehandeling—7 dae in die bed met medisyne of 'n week in die bed sonder medisyne dien hier as goeie voorbeeld.
- Laaste lag die lekkerste: Nadat iemand alles probeer het en die konvensionele behandeling onsuksesvol was word 'n alternatiewe medisyne probeer en dit werk. Dit is net menslik om die sukses dan aan die laaste behandeling toe te skryf terwyl dit dalk enige van die voriges kon wees wat net tyd nodig gehad het. Die alternatiewe geneser kry dus baiemaal die erkenning vir die genesing wat in elk geval deur die liggaam self gedoen is.
- Laaste maar nie die minste nie—gewoonlik is geneeshere so besig dat hulle nie met aandag luister en werklik empaties teenoor pasiënte optree nie. Alternatiewe praktisyns luister gewoonlik met baie aandag en sorg na pasiënte en tree ook nooit gejaagd op nie. Dit laat mense op hul gemak voel en glo dat hierdie persoon werklik oor hom/haar besorgd is. **********